Kindness Pollen

{Spreading kindness the way ladybugs would spread pollen}

Hierdie 'Kindness Pollen' word opgedra aan elke vrou wat voorheen gediagnoseer is met borskanker en wat daardeur geleer het dat die lewe aangaan en dat sy nooit hoef op te hou om te droom nie. 'n Jaar geledе is ek met borskanker gediagnoseer en ek is so dankbaar dat die hele proses van gesond word my geleer het om met oorgawe te leef.

Oor reis

Is reis nie fantastiese terapie nie! As jy kon reis na 'n ander land, watter land sou jy kies?

Ek wou nog altyd Frankryk toe gaan, en hoe gelukkig was ons nie toe ons seun verloof raak aan 'n Franse meisie en die troue toe vroeër hierdie maand in Frankryk gebeur het nie. Ons kon soveel sien, hoor, ruik en beleef. Wat 'n voorreg.

Ons het aangeland in die stad Lyon en van daar af gereis na die Franse platteland in die suide van Frankryk. Die een dorpie was mooier as die ander, met nou klipstraatjies, blou hortjies en heiningtjies en blombakke vol blomme oral waar jy kyk. Daar was indrukwekkende katedrale, markies met lieflike tamaties, radyse, blomme, kaas en croissants. Ook koffie soos die Franse dit drink, min, swart en bitter en saam met dit, laventel gegeurde Créme Brûlée of Nougat. In 'n klein boekwinkeltjie het ek 'n hand-geilustreerde boekie gekoop, Mini-Flore ou Jardinier Promeneur, wat vertaal as 'Mini Flora of the walking gardener'. Die boekie moedig mens aan om 'n naam te gee vir al die plante wat jy rondom jou sien as jy gaan stap. Hierdie mooiste Franse taal het rondom ons gedans en die kultuur het my hart gesteel.

Dit lyk nie of enige-iemand daar haastig is of jaag nie. Ons gasvrou sê haar ma het haar geleer dat: 'tomorrow is another day' en ons nuwe skoondogter sê gereeld: "we'll just go with the flow ..." Party dorpies met al die winkeltjies daarin is toe op 'n Maandag sodat almal kan rus van toeriste. Elke aand so teen half sewe kom almal tot stillstand vir Apéro – 'n glasie wyn en ietsie om te eet wat wissel tussen radyse, sout koekies, olywe, of dalk klein blokkies kaas. Daarna begin kosmaak eers. Ons eet saam om 'n tafel en dan eet ons weer kaas en drink koffie na ete.

Die modes is stylvol en die vroue pragtig met skraal heupe en meestal donker hare. Oetail soos 'n mooi kragie, 'n pofmou, 'n sonbril en helderkleurige skoene met 'n strik is oral te sien. Franse 'couture' noem hulle dit.

Hulle sê: "The goal is to die with memories not dreams". Ek dink 'n stukkie van my hart het in Frankryk agtergebly net sodat ek kan onthou om terug te gaan vir nog nuwe herinneringe.

In Frans sê hulle C'est bon. Dit is goed! En dit was goed!

Deernis projekte:

Oktober is borskanker bewustheidsmaand. Project Flamingo is 'n nie-winsgewende organisasie wat voortydige behandeling gee aan borskanker pasiënte. Jy kan 'n verskil maak deur 'n operasie te borg, te help om bederf pakkies te pak, of jou tyd vrywillig te gee vir enige van die projekte. Lees gerus meer by https://www.projectflamingo.co.za/

Kindness tip for the month

Pack your bags and travel, it's the best medicine for a weary soul.

Journal activity:

Droom weer oor plekke waar jy nog nie was nie en begin 'n reisjoernaal met uitknipsels en artikels van al die plekke wat jy nog wil besoek.

Check out our Instagram to see how to use it.
thymeevents.co.za
@lilibeth_thyme

C'est bon.

Kindness through paper